Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 10 FEBRUARIE 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Wnd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die pers.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 20 JANUARIE 2016

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Januarie 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 3 FEBRUARIE 2016

5./...

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 20 JANUARIE 2016

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 SWARTLAND PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSTRATEGIE (2/1/4/4/1)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 12 November 2015 die Swartland Plaaslike Ekonomiese Strategie in beginsel goedgekeur, onderhewig aan 'n publieke deelname proses.
Geen kommentaar/insette is ontvang gedurende voormelde proses nie.

Die voorsitter noem dat dit 'n uitmuntende dokument is en nog baie vir die Swartland in die toekoms gaan beteken en bedank mnr John Lawson (in sy afwesigheid) vir sy bydrae om die strategie op te stel.

BESLUIT

(a) Dat die Swartland Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingstrategie wat apart gesirkuleer is, goedgekeur word;

(b) Dat die strategie (op versoek van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste) met amptenare en raadslede gewerkwinkel word om volgens die Munisipale Bestuurder vas te stel wat dit beteken om deur 'n LED-bril na die sake van die Munisipaliteit te kyk en sodoende die strategie in die praktyk te kan toepas;

(c) Dat, met die oog om die jaarlikse interaksie met die onderskeie sakekamers, die geleentheid benut word om die sakelui aangaande die strategie in te lig, en dat daar van mnr John Lawson gebruik gemaak word om die inhoudelik op die regte manier aan sakelui oor te dra.

7.2 WYSIGINGS AAN DIE 2015/2016 DIENSLEWERINGS- EN BEGROTINGS-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die 2015/2016 Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) is reeds op 10 Junie 2015 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur. Die onlangse goedkeuring van ’n Aansuiweringsbegroting het egter tot gevolg gehad dat die SDBIP dienooreenkomstig aangepas moet word.

7.2/...

Die doel van die SDBIP is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

BESLUIT

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2015/2016 finansiële jaar in terme van artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.3 WYSIGING AAN DIE BEDROG VOORKOMING EN ANTI-KORRUPSIE STRATEGIE (5/15/1/4)

Swartland Munisipaliteit is verbind tot 'n kultuur van eerlikheid en om sy werk op 'n billike en deursigtige wyse te verrig. Die strategie het ten doel om te verseker dat raadslede, sowel as amptenare op alle vlakke altyd eties en verantwoordbaar sal optree.

Die strategie streef daarna om die stryd teen bedrog en korrupsie op 'n geïntegreerde wyse aan te pak. Kern elemente soos, opsporing, voorkoming en bekamping word in die strategie vervat in die poging om bedrog en korrupsie teen te werk.

Die Bedrog Voorkoming en Anti-korrupsie Strategie moet saamgelees word met die Beloningsbeleid, sowel as die Beleid aangaande Ongemagtigde, Onreëlmatige, Vrugtelose en Verkwiste Uitgawes.

BESLUIT

(a) Dat die gewysigde Bedrog Voorkoming en Anti-korrupsie Strategie aanvaar word vir onmiddellike implementering, aangesien dit die volgende voordele vir die Munisipaliteit inhou:
- Bevordering van dienslewering en finansiële prestasie (deur die voorkoming van misbruik van munisipale fondse en hulpbronne, fokus op waarde vir geld en verbetering in finansiële bestuur);
- Bevordering van deursigtigheid en verantwoordbaarheid;
- Verhoog die vertroue van personeel en die publiek dat daar 'n geloofwaardige, en gestruktueerde stelsel in plek is om korrupte aktiwiteite aan te spreek;
- Bestuur van skakeling en verhoudings met diensverskaffers gebaseer op duidelik wigte en teenwigte;
- Verbetering in die houding teenoor munisipale eiendom en bates, en;
- Verbetering in dissipline binne die organisasie deur op integriteit en professionalisme te fokus.

7.4 IMPLEMENTERING VAN DIE BELONINGSBELEID VIR DIE VOORSIENING VAN INLIGTING I.T.V BEDROG EN KORRUPSIE (5/15/1/4)

Die doel van die Beloningsbeleid is om personeel, lede van die publiek, sowel as diensverskaffers aan te moedig om beweerde bedrog en korrupsie by die Munisipaliteit aan te meld.

Die beleid was voorgelê aan die Prestasie, Risiko en Finansiële Ouditkomitee van die Raad en insette was bespreek op 'n vergadering van voormelde komitee gehou op 24 November 2015.

BESLUIT

(a) Dat die Beloningsbeleid vir die verskaffing van inligting wat verband hou met beweerde bedrog en korrupsie goedgekeur word met onmiddellike effek, aangesien dit die volgende voordele vir die Munisipaliteit inhou:
- Identifisering van swak kontroles;
- Implementering van voorkomende- en bespeuringsmaatreëls om verliese in die toekoms te beperk;

7.4(a)/...

- Bevordering van dienslewering en finansiële prestasie (deur die voorkoming van misbruik van munisipale fondse en hulpbronne, fokus op waarde vir geld en verbetering in finansiële bestuur);
- Verhoog die vertroue van die gemeenskap in die Munisipaliteit om bedrog en korrupsie uit te roei;
- Verbetering in dissipline binne die organisasie deur op integriteit en professionalisme te fokus.

7.5 GELYKE INDIENSNEMINGSPLAN: HERSIENING, JAAR 2 (4/9/1/2/1)

Die Gelyke Indiensnemingsplan is vir die periode 1 Julie 2013 tot 30 Junie 2018 opgestel, en moet jaarliks hersien word. Die hersiening van Jaar 1 was 'n omvattende proses waar twee taakspanne aangestel is om ouditverslae aangaande die fisiese omgewing van die Munisipaliteit, sowel as menslike hulpbronbestuurs-praktyke en -prosedures op te stel. Hierdie bevindinge is teen die einde van Jaar 1 beskikbaar gestel en word as deel van die Jaar 2 hersiening as aanhangsels tot die plan ingesluit.
Beide vakbonde, naamlik IMATU en SAMWU was deel van die proses.

BESLUIT

(a) Dat die lede van die onderskeie taakspanne, ingesluit IMATU en SAMWU, bedank word vir hulle toewyding om die ouditverslae ter hersiening van die Gelyke Indiensnemingsplan te finaliseer;

(b) Dat die hersienining van die Gelyke Indiensnemingsplan vir die periode 1 Julie 2013 tot 30 Junie 2018 ten opsigte van Jaar 2 goedgekeur word.

7.6 UIT-DIE-HAND VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE ERF 55, MALMESBURY (12/2/5/5-3/1)

Die Raad het op 26 November 2015 die uit-die-hand vervreemding van 'n gedeelte van erf 55 (groot ±465m²), Malmesbury aan die aanliggende eienaars, MJ en L Newman goedgekeur.

Die verkoopprys is ingevolge die betrokke wetgewing bereken op die munisipale waardasie en beloop R210,00/m², in totaal ±R97 650,00 (BTW uitgesluit).

'n Versoek is vanaf mnr Newman ontvang om 'n verlaagde koopprys van R60 000,00 te oorweeg.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 31 Maart 2016)

(a) Dat kennis geneem word van MJ & L Newman se vertoë vir ‘n vermindering van die verkoopprys wat deur die Raad goedgekeur is met betrekking tot die uit-die-hand-vervreemding aan hulle van ‘n gedeelte (groot ± 465 m²) van erf 55, Malmesbury;

(b) Dat die kopers se aanbod vir die betrokke gedeelte grond, synde R60 000,00 plus BTW deur die Raad aanvaar word vir die redes soos toegelig in hierdie verslag, te wete dat

(i) die 30% toeslag wat deur die Raad goedgekeur is op die munisipale waardasies wat as verkoopprys neergelê is vir die verkope van residensiële erwe in Dalsig, ook in hierdie geval geag word toepaslik te wees;

(ii) mnr Newman, benewens die koopprys en anders as die kopers van die Dalsig-erwe, in hierdie geval ook aanspreeklik sal wees vir die betaling van advertensiekostes en die kostes van onderverdeling en konsolidasie.

7.7 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY RUGBY VOETBALKLUB (K2/1/2)

Die rugbyfasiliteite en klubhuis by die Dieprivier-sportfasiliteite word aan die Malmesbury Rugby Voetbalklub (Bloues) verhuur.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 9 Desember 2015 die hernuwing van die huurooreenkoms wat op 31 Desember 2015 verstryk, oorweeg en versoek dat daar eers met die huurders in gesprek getree word aangaande die moontlikheid dat die Dieprivier-sportfasiliteite vir ander klubs ook beskikbaar gestel moet word tydens die opgradering van die Wesbank-sportfasiliteite.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word -

(i) Dat die bestaande huurooreenkoms, uitgesluit die klubhuis-gedeelte, op ‘n maand tot maand basis verleng word tot hoogstens 30 Junie 2016;

(ii) Dat die Raad vanaf 1 Julie 2016 die bestuur en onderhoud van die Dieprivier-velde en paviljoen oorneem, wat insluit die koördinering van besprekings, sny van gras, kalk van velde, betaling van dienstegelde, maar uitgesluit die fisiese besproeiing van die velde wat steeds deur Bloues gedoen sal word, en verder ook uitgesluit die instandhouding van die bestaande sportveldverligting;

(iii) Dat die klub ter keuse sal hê om hetsy die jaarlikse seisoensfooi of die geleentheidsfooi vir die gebruik van die fasiliteite te vereffen;

(iv) Dat die verantwoordelikheid vir die fisiese besproeiing van die velde deur Bloues behartig sal word, maar (soos tans ook die geval is) daar van munisipale werkers gebruik gemaak sal word om dit te doen indien die klub nie iemand beskikbaar het om dit self te doen nie;

(v) Dat die klubhuis by aparte ooreenkoms en ten bedrae van R100,00 plus BTW per jaar aan die klub verhuur sal word vir ‘n periode van een jaar met ingang vanaf 1 Januarie 2016, met die opsie om dit vir ‘n verdere termyn van een jaar te hernieu;

(b) Dat Boland-Unie in kennis gestel word van die beoogde opgraderings aan die Wesbank-sportfasiliteite en dat die Dieprivier-sportfasiliteite as tuisveld geag moet word vir klubs wat gedurende hierdie tyd van lg. fasiliteite gebruik maak.

7.8 BYDRAE AAN BERGRIVIER KANOMARATHON (9/1/3/2)

Die jaarlikse Bergrivier Kanomarathon vind plaas vanaf 13 tot 16 Julie 2016 en, soos in die verlede, is die Munisipaliteit deur die organiseerders genader om 'n bydrae te lewer. Tydens samesprekings is onderneem om 'n bedrag van R50 000,00 te bewillig as bydrae om 'n oorsese roeier te borg.

Benewens die bydrae sal die Munisipaliteit verantwoordelikheid neem vir die aanbring van baniere en rigtingaanwysers.

Die voorsitter noem dat daar gepoog word om ook ander gebeurlikhede by die Kanomarathon te laat inskakel om dit nog 'n groter toeriste attraksie te maak.

BESLUIT

(a) Dat, uit hoofde van die Munisipaliteit se toerismemandaat in terme van die Grondwet, goedkeuring verleen word dat ‘n bydrae van R50 000,00 regstreeks aan die Bergrivier Kanomarathon gemaak word, uitsluitlik om die uitgawes van ‘n oorsese deelnemer te borg;

7.8/...

(b) Dat die balans van R4 000,00 aangewend word om uitgawes te delg m.b.t. die aanbring van munisipale baniere en rigtingaanwysers;

(c) Dat ‘n Memorandum van Ooreenkoms met die organiseerders van die Bergrivier Kanomarathon gesluit word ter voldoening aan die vereistes in artikel 67 van die MFMA.

7.9 UITSTAANDE DEBITEURE: JANUARIE 2016 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Januarie 2016.

7.10 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter doen 'n beroep dat strenger toesig gehou word oor die gebruik van voertuie, aangesien dienslewering in die gedrang kan kom deur stukkende voertuie wat nie gebruik kan word nie.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer;

(b) Dat verder kennis geneem word van die beroep deur die Uitvoerende Burgemeester dat raadsvoertuie met groter omsigtiheid gebruik moet word, aangesien stukkende voertuie dienslewering kan ondermyn.

7.11 UITKOMS VAN 2014 BLOU DRUPPEL VERSLAG: SWARTLAND MUNISIPALITEIT (16/1/18)

Swartland Munisipaliteit is een van die deelnemers aan die Departement van Waterwese se Blou Druppel Program. Die evaluering word elke tweede jaar gedoen deur 'n assessor wat deur die Departement van Waterwese aangestel word. Die doel van die program is om die bestuursaspekte van watervoorsiening, asook die drinkwater kwaliteit te verbeter.

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en spreek sy teleurstelling uit met die swak resultate wat ontvang is. Mnr Scholtz bevestig dat dienslewering inteendeel op 'n hoër standaard is as twee jaar gelede, en dat die water kwaliteit steeds van 'n hoogstaande gehalte is.

By nadere navraag deur die Departement: Siviele Ingenieursdienste is vasgestel dat beide Saldanha en Stellenbosch, wat deur dieselfde assessor geëvalueer was, ook 'n afname van bykans 20% in die resultate toon.

Mnr Scholtz bevestig dat 'n skrywe aan die Departement van Waterwese en Sanitasie gestuur is waarin bevestig word dat die resultate betwyfel word en verdere gesprekvoering versoek word. Daar is 'n uitnodiging aan die betrokke departement gerig om die Watermoniteringskomiteevergadering by te woon, waarop 'n verskoning ontvang is.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die 2014 Blou Druppel uitslae;

7.11/...

(b) Dat daar kennis geneem word van die daling van 95.24% tot 74.95% in 2014;

(c) Dat daar verder kennis geneem word dat Saldanhabaai Munisipaliteit en Stellenbosch Munisipaliteit ooreenkomstig swakker gevaar het en dat die assessering deur dieselfde assessor as deur Swartland onderneem was;

(d) Dat kennis geneem word van die inhoud van die skrywe wat aan die Departement van Waterwese en Sanitasie gerig was waarin beswaar teenoor die proses en uitslag aangeteken word;

(e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee nie die uitslag van die 2014 Blou Druppel assessering beskou as 'n ware weergawe van die diensleweringsvlakke en waterkwaliteit in Swartland nie.

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN HOOFRIOOL IN MALMESBURY NYWERHEIDSGEBIED (16/3/1/5)

'n Hoofrioolgeleiding wat riool vanaf erwe 7592 tot 7597 versamel en vervoer tot by 'n groter rioolpyp in Tegnostraat is vermoedelik deur die storting van chemiese stowwe beskadig. 'n Versakking het reg bo die pyp op erf 7595 ontstaan, en verdere ondersoek is ingestel. Tydens 'n kamera inspeksie deur 'n spesialis firma is vasgestel dat die bodem van die pyp geheel weggevreet was.

'n Besoek is aan elke nywerheid in die omgewing gebring om die oorsprong van die chemiese storting vas te stel, maar geen bewyse kon opgespoor word nie. Verskeie monsters van die rioolafloop is geneem en het aangedui dat die samestelling van die riool wat tans in die pyp afgevoer word, normaal is.

Verskeie tegniese oplossings t.o.v. die herstel van die pyp is oorweeg en besluit dat die beste oplossing sal wees om 'n voering in die bestaande pyp aan te bring. 'n Spesialis firma is genader om hierdie werk te verrig.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van die hoofrioolgeleiding en wel om die volgende rede:

(i) Dat die herstelwerk as 'n noodgeval uitgevoer moes word as gevolg van die besoedeling wat voorgekom het en die gevaarlike toestande wat die gevolg was van sinkgate wat bokant die rioolpyp ontstaan het;

(b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die herstelwerk uitgevoer word en die handeling dienooreenkomstig gekondoneer word;

(c) Dat kennis geneem word van die kwotasie van Tuboseal Service cc ten bedrae van R563 502,00 (BTW ingesluit) en dat die uitgawe teen posnommer 59-76-30-00-0280 verreken word;

(d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 SANRAL – OPLEIDING (17/2/2)

Swartland Munisipaliteit speel 'n belangrike rol om te verseker dat die jeug, asook die breër publiek baat by die werksgeleenthede wat SANRAL beskikbaar stel met die opgradering van die N7.

7.13/...

Aangeheg tot die verslag is die verskeie opleidingsgeleenthede wat aangebied is en die aantal kandidate wat die kursusse voltooi het.

Die voorsitter noem dat die opgradering van infrastruktuur in die Swartland munisipale gebied 'n groot voordeel inhou vir plaaslike inwoners deur die werks-geleenthede wat geskep word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die skakeling en interaksies met SANRAL aangaande die opleiding van plaaslike jeugdiges en inwoners om deur SANRAL in diens geneem te word;

(b) Dat die Jeugkantoor 'n gereelde opvolg sal doen op die persone wat deur Swartland Munisipaliteit gewerf is en deur SANRAL opgelei en geplaas is.

7.14 VERKLARING VAN WESKUS AS DROOGGETEISTERDE GEBIED: IMPLEMENTERING VAN STRENGER VLAK 2 WATERBEPERKINGSMAATREëLS (16/1/1/7)

Die voorsitter bevestig dat die damvlak van die Voëlvleidam tans op 25,2% staan. Die waterbesparings wat met ingang van 9 Desember 2015 ingestel is, het 'n besparing van slegs 6% bewerkstellig.

Die Munisipale Bestuurder meld dat 'n skrywe vanaf die Departement van Samewerkende Regering ontvang is waarin die Weskus as drooggeteisterde gebied verklaar word, en op grond hiervan kan buitengewone streng waterbesparings-maatreëls afgekondig word.

Die volgende maatreëls is reeds deur die Munisipaliteit ingestel om waterbesparings te bewerkstellig –

- Ondersoek na die moontlikheid op die GIS-stelsel me tdie finansiële-stelsel te integreer om huishoudings met hoë waterverbruik maklik te kan opspoor en aan te spreek;
- 'n Endossement op bouplanne om wanneer 'n swembad gebou word, dit nie met water gevul mag word totdat waterbesperkings opgehef is nie;
- Gesprekke met nywerhede wat van water afhanklik is om toe te sien dat hulle volhoubaarheid te midde van die waterbeperkings verseker kan word;
- Besproeiing van alle sportgronde met gesuiwerde rioolwater of boorgatwater – hierdie reëling geld al vir 'n geruime tyd;
- Ondersoek na Dieprivier-krieketfasiliteit om sover as moontlik die kolfblad en buiteveld in stand te hou, aangesien hierdie fasiliteit nie met gesuiwerde rioolwater besproei word nie;
- Reëling met konstruksievoertuie om tenke met gryswater te vul wat verkry kan word uit die damme by Wesbank en Ilinge Lethu;
- Ondersoek na die moontlikheid om munisipale swembaddens te sluit, al dan nie.

Die voorsitter bedank almal wat reeds maatreëls by hulle huishoudings in plek stel om waterbesparings te bewerkstellig.

BESLUIT (vir kondonering deur die Raad op 31 Maart 2016)

Weens die feit dat die Weskus gedurende Januarie 2016 deur die nasionale Departement van Samewerkende Regering ingevolge die Rampbestuurswet, Wet 57 van 2002 tot droogtegeteisterde rampgebied geklassifiseer is weens die heersende droogte, welke rampsituasie die implementering van buitengewone maatreëls vereis, word hiermee goedgekeur: -

(a)/...

7.14/...

(a) Dat die bestaande waterbeperkingsmaatreëls (soos goedgekeur deur die Raad op 28 Januarie 2016) herroep en die volgende noodmaatreëls met ingang vanaf 15 Februarie 2015 geïmplementeer word in ‘n poging om Vlak 2 (20%) waterbesparings te bewerkstellig:

(1) Die natmaak/besproeiing (met drinkwater afkomstig vanuit die munisipaliteit se hoof drinkwatergeleiding) van tuine, blombeddings, sportvelde, parke, grasperke en ander oop ruimtes word verbied;
(2) Die volmaak van swembaddens word verbied;
(3) Die gebruik van tuinslange, bv. om harde of geplaveide areas af te spuit of om voertuie (ingesluit ontspanningsvoertuie en watervaartuie) te was, word verbied;
(4) Alle outomatiese spoelurinale moet afgedraai word in alle geboue gedurende tye wanneer die publiek en/of personeel sodanige geboue normaalweg verlaat;

(b) Dat die beperkings in paragraaf (a)(1) tot (4) nie sal geld:
(i) waar spesiale vrystelling skriftelik deur die Munisipaliteit verleen word nie;
(ii) waar ander bronne van nie-drinkbare water gebruik word en ‘n kennisgewing waarop die bron aangedui word, opgerig is op ‘n plek waar dit duidelik sigbaar is;

(c) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word, in oorlegpleging met die wnde Direkteur: Finansiële Dienste om, in terme van artikel 69(2) van die Verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, afwykings, vrystellings of verslappings ten opsigte van die bepalings op redelike gronde te mag verleen;

(d) Dat die 20% watertariefaanpassing wat op 28 Januarie 2016 deur die Raad goedgekeur is steeds geïmplementeer word met effek vanaf die diensterekeninge wat gedurende Maart 2016 vir betaling teen 31 Maart 2016 (met ander woorde vir Februarie-verbruik) gelewer sal word;

(e) Dat ‘n openbare kennisgewing in bostaande verband in die media, asook op die webtuiste en sosiale media-platform (*Facebook*) gepubliseer word, by die biblioteke en betaalpunte van die Munisipaliteit getoon word en ook per hand aan individuele huishoudings uitgedeel word;

(f) Dat die Direktoraat Beskermingsdienste wetstoepassing sal verskerp om nakoming van die beperkende maatreëls te verseker, en ook spesiale pogings aanwend om die publiek by wyse van megafoon-afkondigings van die maatreëls in kennis te stel.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER